Ps. 25:6 Ges. 136:1,2,3 Op Pad na- en van- Emmaus. | Tienlei. Bl[illegible] 20 apr. '41
Ges. 42:1/2 Ges. 60:1,2. Luk. 24: 13-37. | 4xF [illegible]
Ges. 62:9 " 135: 1,5, | Arcadia 14/2 apr 54.

Luk. 24: 32 – En hulle sê vir mekaar: Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

Jare gelede, so word ons vertel, het rondtrekkende veeboere v.d. Hoeveld v. Tvl. 'n hul krale gemaak op die plek waar die groot goudstad Joh'burg v/d staan. By gebrek aan ander inkomst het hulle (hul veetjies gehad) en hul beeskrale gehad op die grond terwyl net onder hul die rykdom v.d. Wêreld verborge was. Armoede bo met ontelbare skatte net onder die oppervlakte.

① So leef ons ook somtyds: armoede, gebrek in ons eie harte terwyl daar oorvl. rykdom vir ons net onder die opp. verborge lê. ② So vier ons somtyds Nagmaal: met 'n jammerlike gestel. armoede in ons harte terwyl die rykdom van Gods liefde & genade onder op die bodem van ons harte verborge lê. ③ So ontmoet ons ook somtyds die Heer op ons lewenspad – met brandende behoeftes en angstige vrae in ons harte, terwyl ons nooit besef dat Hy saam met ons stap en ons hongerende harte wil versadig nie.

Net so het dit gegaan met hd twee manne van Emmaus. Hd 2 mense was Jode wat alles geweet het wat in Jerus. gebeur het. Toe Jesus nog geleef het het hulle Hom gesien en Hom leer ken. Hulle het sy wonders gesien, sy kragtige optrede en so het in hulle harte die hoop begin groei dat Hy die Verlosser v Isr. sou word. Sterk verwagting geleef in hulle harte: Redder v.d. Volk, juk v Rome afgooi, sou alles regmaak! Vertroue, blydskap.

En nou, met sy dood, is al die hoop verydel – alles so anders geword totdat Jesus by hulle kom en hulle oë open.

En as ons nou die gesk. lees dan is daar veral 3 groot gedagtes wat ons v/a by ons D/diens wil beklemtoon:

I Die Gemis in hulle Harte
II Die Ontmoeting op Pad
III Die Ware Lewe Gevind

I Die Gemis in hulle harte:

Ons kan onsself so duid. 'n voorstelling vorm van die geestestoestand, die gesindhd wat daar was in die harte van hd. 2 manne op pad huistoe na alles wat gebeur het // Ons weet met watter groot verwagting die pelgrims opgegaan het na Jerus. – in hulle harte die hoop gelewe: nou sal Xtus die hele volk bymekaarmaak, die Romeine verdelg of in die see ja, & die ryk v David, die groot Joodse Ryk weer oprig! Groot Joodse ryk wat oor alle ander volke sal heers! // En nou kan ons baie goed besef hoe Xt. se gevangeneming, verhoor, K/dood & begrafnis al hulle verwagtinge moes omvergegooi het – al hulle hoop verydel, die toekoms verdonker, die laaste vlammetjie van lig uitgedoof: – geestelik arm! Gemis in harte.

En so sien ons hulle op pad na Emmaus dd. Sond. namiddag: hulle harte is bedruk, hulle gesigte is bedroef, hulle verstand is benewel – hulle hele houding is een van verslaenheid & terneergeslaenheid. Xtus se dood het 'n ontsettende gemis in hulle harte gebring – 'n groot leegte geskep, die fondament onder hulle voete weggeval: die toekoms duister gesien: geen lig, geen hoop, geen verwagting! Toe Xtus weg is: is hulle sekerhd ook weg

Toe Xtus dood: hulle harte ook dood

Toe Xtus se lewensvlam uitgedoof: die vuurtjie in hulle harte ook gesterwe!

– Twee manne op pad sonder Gids & Leier!



Geliefdes, Is dit nie presies die beeld v.d. toestand wat in (a) die wêreld vandag verkeer? Op pad sonder Xtus, sonder gids & leier? Is dit nie ook presies die gesindheid v.d. wêreld v/dag nie? 'n Wêreld met 'n hart wat bedruk is, 'n gesig wat bedroef is, 'n verstand wat benewel is, sodat dié Xtus nie kan sien nie? Is dit nie juis die gemis, die leegte wat daar v/d is, omdat die wêreld Xtus ook sien as die hulpelose, die een wat homself nie kan red nie – en hoe sal Hy ander red? Is dit nie presies die stemming wat uit die koerantestraal, ten spyte v. al die opkoms & grootpraat: dat die toekoms baie donker is – sonder lig, sonder hoop, sonder verwagting! En hoe kan dit anders as die wêreld ~~Xtus~~ se ~~nie~~ gehou bly sodat ~~hulle~~ hy Xtus nie kan & nie wil sien nie? Omdat hy meen dat Xtus dood is & niks kan doen nie?

– 'n Wêreld op pad sonder Xtus!

(b) Nie is h/die 2 Emm.-gangers op pad, met die gemis in hulle harte, nie ook 'n baie getroue beeld van so baie mense wat hulleself Xtene noem nie? Is die gesindhd van ~~so baie~~ hd. 2 manne nie ook nie net die gesindhd van baie lidmate nie? Hoe baie van ons gaan ook nie op die lewenspad met harte – bedruk, gesigte – bedroef, verstand benewel? Wie van ons is daar wat ~~nie~~ kan sê: Ek het geen behoefte aan troos, aan sterkte, aan sekerhd, aan waarhd? En as ons v/a eerlik wil wees sal ons nie ook moet bely: Ek stap voort op my lewenspad met 'n ontsettende gemis in my hart, met 'n groot leegte omdat die toekoms vir my ook duister is: sonder lig, sonder hoop, sonder verw. Ek laat my ook nie net heen en weer slinger deur elke popul. sienswyse: ek het geen ruggraat, geen krag, geen fond. in my lewe! Xtus dood vir ons ook omdat

Is dd. gemis in ons harte nie miskien ons Op pad is sonder Xtus!

Mr. laat ons nou let op.

II Die Ontmoeting op die Pad:

Hd. ontmoeting was nie 'n sensasiewekkende nie - geen
opspraak verwek nie. Skynbaar toevallig kom daar 'n
vreemdeling nader en saam met hulle te stap. Ek kan
my goed voorstel dat hulle baie moeilik hulle on-
gemis kon verberg teen 'n vreemde man. hom hier
kom indring by hulle waar hulle so graag
alleen wou wees om oor al die dinge te praat. G'n
wonder dat hulle oë gesluit was dat hulle Hom nie
kon ken nie: hulle gedagtes was so vol van hulle
eie dinge dat hulle vir niks anders oog gehad het
nie. En dan is dit dat Xt. deur sy wonderlike pers^d^.
sy simpatieke handeling, sy besondere takt en verst.
optrede hulle harte laat oopgaan, hulle
kentrone so stadigaan wek. En nie te lank nie of
hulle deel al hulle laste & moeilikhede met hom,
sonder dat hulle eintlik weet hoe hulle daartoe
gekom het. En as hulle klaar gepraat het, al
hulle sorge en teleurg. verwagtinge aan hom blootgelê
het, alles vertel het wat hulle harte bedruk
het ① Open hulle gemoed dan begin Xtus te praat. Ek sou wat
wou gee as ek dd. gesprek kon aangehoor het!
Want nou sien ons dat daar 'n Krag is in sy pers^d^.
'n sekere versekerdha & sterkte in sy houding,
wat hulle dwing om te luister. En dan begin hy
die Skrifte uit te lê en te vertel v. Moses &
Josef, Dawid & Daniël, hoedat hulle almal
moes ly om 'n seef & volk te verkry en hoedat ook die
Xtus so moes ly om deur die lyding verlossing
te bewerk vir die mens. ② Open hulle verstand:
Sien alles in sy verband - verstaan wat vantevore
onduidelik was: alles word helder & lig - onder
die praat hulle harte warm, hulle verstand verlig
- alles word anders!

En as hulle by die huis aankom en Xtus
verder wil gaan omdat Hy nie ongenooi wil
inkom nie, nooi hulle hom dringend om in



te kom & saam te eet: „Bly by ons, want dit is amper
aand & die dag het gedaal". En Hy het ingegaan
om by hulle te bly!

Watter totale verand? het die ontmoeting op die
pad nie gebring nie!

Gehefdes,

(a) Weer dink ons aan d. wêreld op pad in al sy ellende &
al sy nood - besig om te praat en te praat: praat in
praat oor die radio, praat in koerante, praat in
konfer. sale. Is dit nie miskien juis die moeil^d^
dat d. wêreld so vol is van sy eie dinge dat hy
Xtus nie 'n kans wil gee nie? Is dit nie mr. nog
die onwiligheid v.d. Emm. manne wat die wêreld v/a
nog betoon as Xtus wil inkom - dat hulle Hom
nie ken nie omdat hulle oë gesluit is en sy
harte te vol van wer. dinge nie?

En is dit nie die tragiese dat d. wêreld Xtus nie
wil toelaat om te praat nie? Omdat hy weet dat
Xtus die Skrifte sal begin uitlê en sy hand sal
lê op die kankerplekke in ons maatsk. ekon.
polit. en sedel. lewe nie? Is dit nie miskien die
rede waarom die wêreld v/a baie preke uit Godsted
nie wil hoor nie, omdat hy dan gedwing sal
word om anders te dink & anders te lewe as
wat hy v/d doen!

(b) Mr. ons dink nie net a.d. wêreld nie - ons dink
ook aan onsself: ook vir elkeen v. ons ontmoet
Xtus een of ander tyd op ons lewenspad. Miskien
het ons al vantevore v. Hom gehoor, soos die Em.-gangers,
deur 'n preek of op ander manier, mr. Hom nog nie
pers. ontmoet. Verstaan ons miskien aldag dat al ons S.S.
Katk., Bllees & kerkgaan ons. niks sal baat as ons
nie aldeur Xt. ontmoet nie! Miskien sal ons ook
a.d. begin onwillig wees om Hom in ons geselskap in te laat - Hom nie ken nie. Al wat
Hy vra is 'n kans om te praat met ons: Hy
laat ons eers alles uitpraat - alles sê - en dan

begin Hy praat! So praat Hy met ons:
- Op die pad van beproewing: siekte, dood
- .. .. .. .. versoeking:
- .. .. .. .. lyding
- .. .. .. .. ons geloofstyd
  lydenstyd, [illegible].

En Hy praat nie somaar nie, mr. omdat Hy die Skrif wil uitlê, omdat Hy ons wil wys wat sy gedagte & plan met ons lewe is. Hy gee ons die Wd om ons te wys op sy betekenis vir ons lewe van elke dag! Hoe baie v. ons kan nie getuig van heerdat 'n preek of stukkie uit Wd of dagboek al tot ons gepraat het nie!

En as Xtus praat, ~~dan~~ en ons luister, dan word ons harte ook brandende & ons wil meer hoor – ons nooi Hom in om by ons te bly, om saam met ons te wees – ons het Hom waarlik ontmoet – Kom nie ongevraag

Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

– Het ~~ons~~ u al dd. ondervind gehad?

III Die Ware Lewe Gevind:

(1) Ons lees hulle het Xtus ingenooi, hulle het by Hom aangedring om in te kom omdat Hy nie ongevraag Homself aan hulle wou opdring nie. Mr. hulle doen dit omdat hulle harte brandende was [illegible] hulle, sterk begeerte om meer te hoor!

(2) „En toe ~~hulle aan~~ Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood & dank; en Hy breek dit & gee dit aan hulle" So kry ons Hom as die eregas aan die tafel: „Hy met hulle" nie hulle alleen, besig om die brood te breek nadat Hy gedank het – En Hy gee die brood aan hulle, die ewige lewensbrood ~~van Sy liefde~~!

(3) „Toe gaan hulle oë oop en hulle herken Hom." Watter wonderlike gewaarwording moes dit nie gewees het nie – om Xtus te sien in al Sy liefde in al sy heerlikhd, daar by hulle aan tafel!



(4) ~~En nou lees ons die wonderlike~~

Watter groot verandering v.d. begin af: harte dood
- Eers die leegheid, die gemis in hulle harte:"
- Die ontmoeting op die pad: oë gesluit
- Xtus praat: Brandende harte
- Ingenooi: Brood gebreek
- Xtus openbaar homself: die Ware Lewe Gevind!

(4) En nou lees ons die wonderlike slot van die hele gebeurtenis:

„Daarop staan hulle op in dies. uur & gaan na Jerus. terug"! Dies. pad – mr hoe anders hulle gesindheid! Terug op dies. pad as waarlangs hulle gekom het – en tog nie dies. nie, want alles is anders! Waar hulle gekom het v. Jerus. met doodsware harte, daar haastig die lang ent pad v. 8 myl terug om aan hulle broers die blye boodskap te gaan bring:

Ons het Hom gevind!

Geliefdes,

Was dit ook ons ondervinding die afgelope tyd, die afgelope naweek? Was daar miskien ook in ons harte die groot gemis, die leegheid; die verwarring, – toekoms duister / Ons het voorbereidingsdiens gehou: ons was op pad na die Nagmaal. Het ons die Heer waarlik ontmoet sodat ons harte brandende in ons was? Het ons Hom toegelaat om met ons te praat? Skr. uitlê! Was ons behoefte so groot dat ons Hom ingenooi het, – in ons huis, in ons hart – en Hom toegelaat het om die brood te breek? Is dit die gesindhd waarmee ons Nagmaal gevier het?

So ja, dan sal/het die Heer ook ons oë geopen, om onsself te sien in al ons swakhd, mislukk.

het

alles om Hom ~~te~~ sien in Sy Krag + Sterkte!

~~Miskien het die Here ons oë geopen vir die nood v.d. mensdom – ja ook vir ons eie nood – mr. tog alles seker vir die heerlike lewe wat Xtus self persoonlik gee en wil gee aan elkeen v. sy dissiepels! „Was ons harte – – –"~~

En nou wat moet ons nou gaan doen? Wat is ons roeping + taak noudat Nagmaal verby is?

„Daarop staan hulle op in ~~op~~ dies. uur en gaan nee Jer. terug en kry die elf"

Kan ons nog vra? Is dit dan nie baie duidelik dat ons lofsdaan moet opstaan en aan ons broers die blye boodskap moet gaan bring nie? ~~Ons lewenspad~~ Soos hulle pad terug dies. was, so sal ons s'n ook so wees: ons lewenspad sal nog altyd sy opdraende en slaggate bring: mr. met watter ~~...~~ ander gesindheid bewandel ons dit nie as voor die tyd omdat ons weet: Ons het Hom gevind! Met Xtus op ons Lewenspad!

Daar is ons werk, ons roeping, ons taak – elkeen v. ons om: spoorweg, winkel, fabriek, huis: dis die lewe wat die wêreld na smag: ons het dit – gaan ons dit leef?

En hulle sê vir mekaar: Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat + vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

Legende Skepping